

Byvoeging tot planbeskrywing

Betalingskwytskelding met toekomstige groei by dood

Watter voordeel sal voorsien word?

As ons 'n eis erken, sal ons die herhalende betaling van die plan kwytskeld. Die herhalende betaling sal aanhou om elke jaar te verhoog met die groeitype wat van toepassing was toe die eis erken is, maar onderworpe aan die huidige maksimum verhoging elke jaar van 15%. Elke keer as die herhalende betaling verskuldig is, sal ons daardie betaling as betaal beskou.

Wat sal gebeur as die betalingsgroei, voor 'n eis erken is, verander het of gekanselleer is?

As die tipe betalingsgroei verander het of die betalingsgroei gekanselleer is, sal ons hierdie voordeel na 'n soortgelyke voordeel sonder toekomstige groei verander.

Spesiale voorwaardes

Spesiale voorwaardes, indien enige, aangaande hierdie voordeel word in die staat uiteengesit.

Eisgebeurtenis

'n Voordeel mag geëis word by die dood van die versekerde lewe.

Dit is belangrik om daarop te let dat ons nie die herhalende betalings vir meer as een betalingkwytskeldingseis gelyktydig sal kwytskeld nie.

Erkenning van 'n eis

Ons sal slegs 'n eis erken as ons tevrede is dat daar aan al die volgende voorwaardes voldoen is:

- Die eis voldoen aan die beskrywing en vereistes van die eisgebeurtenis.
- Ons ontvang alle inligting wat ons redelikerwys kan vereis.
- Alle aspekte van die eis word bewys deur mediese en ander getuienis wat ons redelikerwys kan vereis.
- Die herhalende betalings van die plan is ten volle gemaak.
- Die eisgebeurtenis het plaasgevind terwyl die dekking vir die voordeel in werking was.

Hierdie voordeel sal gekanselleer word, en die risikogedeelte van alle herhalende betalings wat vir hierdie voordeel gemaak is, sal verbeur word, as 'n eis wat in enige opsig oneerlik is vir hierdie voordeel ingedien word, of as vals inligting voorsien word.

Uitsluitings

Ons sal nie 'n eis erken nie as die dood van die versekerde lewe veroorsaak is deur selfmoord, ook tydens kranksinnigheid, wat gepleeg is binne 24 maande na dekking vir die voordeel in werking getree het, of na die plan na 'n vorige vervalling herstel is. Die persoon of entiteit wat die voordeel eis, moet bewys dat die versekerde lewe nie selfmoord gepleeg het nie.

Spesifieke uitsluitings, indien enige, word in die staat onder spesiale voorwaardes uiteengesit.

Kwytskelding van betalings

Wanneer sal dit begin?

Ons sal begin om die herhalende betalings kwyt te skeld vanaf die eerste datum waarop betaling verskuldig is op of na die datum waarop ons die eis erken.

Hoe lank sal die kwytskelding voortduur?

Ons sal die herhalende betalings kwytskeld tot middernag voor die dekkingbeëindigingsdatum, soos in die staat aangedui. Vanaf die dekkingbeëindigingsdatum moet die herhalende betalings hervat word.

Wanneer sal dekking vir die voordeel begin?

Dit sal begin op die laaste van

- die datum van ons skriftelike aanvaarding van die planhouer se aansoek,
 - die dekkingaanvangsdatum vir die voordeel, soos in die staat aangedui, en
 - die datum waarop ons die eerste herhalende betaling ontvang, of waarop reëlings tot ons bevrediging vir die eerste herhalende betaling getref is.
-

Wanneer sal dekking vir die voordeel eindig?

Dit sal eindig

- om middernag voor die dekkingbeëindigingsdatum, soos in die staat aangedui, of
- as die plan om enige rede voor die dekkingbeëindigingsdatum eindig.

Kan dekking vir die voordeel verleng word?

Ja, onderworpe aan ons nuwebesigheidsvereistes in daardie stadium, kan dit op versoek verleng word, op voorwaarde dat die versekerde lewe nog lewe en ons die versoek voor die dekkingbeëindigingsdatum ontvang.
